

Die vergadering in Jerusalem



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Handelinge 15; Galásiërs 2:11–13; Exodus 12:43–49; Romeine 3:30; Levitikus 18:30; Openbaring 2:14, 20.

Geheeteks:

“ ‘Maar ons glo dat ons deur die genade van die Here Jesus Christus gered word op dieselfde manier as hulle ook’ ” (Handelinge 15:11).

Na meer as twee jaar het Paulus en Bárnabas na Antiochië in Sirië teruggekeer. Omdat die hele kerk daar by hulle sendingreis betrokke was, was dit vanselfsprekend dat hulle ‘n verslag aan die kerk moes gee. Die verslag het egter nie op wat hulle bereik het gefokus nie, maar op wat God self deur hulle vermag het. Die hooffokus van die verslag was natuurlik die sukses van hulle sending na die heidene, alhoewel daar ook baie Jode by die geloof aangesluit het. Vanaf die episode met Cornelius het die bekering van onbesnede heidene egter ‘n strydvraag geword (Handelinge 11:1–18), maar nou dat groot getalle van hulle kerklidmaatskap ontvang het, het die situasie meer ingewikkeld geword. Baie gelowiges in Jerusalem was nie gelukkig nie. Hulle het gevoel dat die heidene eers besny moes word, m.a.w., hulle moes eers Joodse proseliete word voordat hulle deel van God se volk kon word, en met Joodse gelowiges gemeenskap kon hê.

Handelinge 15 gaan oor die heidene se probleem wat ‘n kritieke vlak bereik het, en oor hoe die kerk saamgewerk het om ‘n oplossing te kry. Die vergadering in Jerusalem was ‘n keerpunt in die geskiedenis van die apostoliese kerk met betrekking tot sy wêreldwye sending.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 25 Augustus.*

Die eintlike kwessie

Van die begin af het die kerk in Antiochië uit beide (Hellenistiese) Jode en onbesnede heidene bestaan (Handelinge 11:19–21, Galásiërs 2:11–13), wat blykbaar vredeliewend saam met mekaar geleef het. Hierdie samesyn het egter verbroekel toe ‘n groep gelowiges van Jerusalem gearriveer het.

Lees Handelinge 15:1–5. Watter probleem het die kerk in die gesig gekyk?

Die individue van Judéa wat tradisioneel Judaïseerders genoem was, was heelwaarskynlik dieselfde groep wat in vers 5 gelowige Fariseërs genoem word. Die teenwoordigheid van Fariseërs in die kerk behoort ons nie te verras nie, want Paulus was self ‘n Fariseër voor sy bekering (Filippense 3:5). Dit wil voorkom asof hierdie groep op eie inisiatief Antiochië toe gegaan het (Handelinge 15:24), alhoewel ‘n ander episode wat ‘n ruk later ook in Antiochië plaasgevind het, aandui dat die meeste Jode, die apostels ingesluit, nie baie gemaklik gevoel het met die teenwoordigheid van onbesnede heidene in die kerk nie (Galásiërs 2:11–13). In sy brief aan die Galásiërs praat Paulus nie positief oor die Judaïseerders nie, en verwys na hulle as iemand wat verwarring saai (Galásiërs 1:7, 5:10), en dat hulle “valse broeders” is (Galásiërs 2:4) wie se werklike motief was om die geestelike vryheid van die evangelie te ondermyn en heidense bekeerlinge tot slawerny en wettiesheid te lei.

Hulle punt was nogal eenvoudig: as die heidene nie besny was en nie al die Joodse seremoniële wette nagekom het nie, kon hulle nie gered word nie. Verlossing – so het hulle geglo – kon net in God se verbondsvolk gevind word, en, volgens die Ou Testament, was daar geen ander manier om deel van God se verkose volk te kon wees nie, behalwe deur die besnydenis (Génesis 17:9–14, Exodus 12:48). Kortliks gestel, die heidene kon net gered word as hulle eers Joodse proseliete geword het. Paulus en Bárnabas kon natuurlik nie met sulke vereistes saamstem nie, want dit was in teenstelling met die aard van die evangelie. Die aggressiewe benadering van die Judese besoekers het egter ‘n warm bespreking aan die gang gesit; die woord wat in Handelinge 15:2 gebruik word (stasis), klink na “konflik” of “verdeeltheid”. En die saak was te belangrik om net op plaaslike vlak gehanteer te word. Die eenheid van die kerk was op die spel. Die broeders van Antiochië het toe besluit om ‘n aantal afgevaardigdes na Jerusalem te stuur wat Paulus en Bárnabas ingesluit het, om ‘n oplossing te vind.

Plaas jouself in die skoene van die Judeërs. Watter argumente kan jy aanbied om jou kant van die saak te stel?

Die besnydenis

Een van die groot vraagstukke in hierdie konflik was die besnydenis. Dit was nie 'n menslike instelling nie (in teenstelling met Matthéüs 15:2, 9). Dit was veel meer, dit was deur God self ingestel as 'n teken van Sy verbond met Abraham se afstammeling as Sy gekose volk (Gen. 17:9–14).

Lees Exodus 12:43–49. Behalwe die gebore Israeliete, wie moes nog besny geword het?

Die seëninge van die verbond was nie tot gebore Israeliete beperk nie, maar was uitgebrei om enige slaaf of reisende vreemdeling wat dit graag wou ondervind, in te sluit, solank as hy gewillig was om besny te word. Nadat hy besny was, sou die vreemdeling dieselfde status by God as die gebore Israeliet gehad het: "... en hy sal soos 'n kind van die land wees ..." (Exodus 12:48). Die besnydenis was dus noodsaaklik (vir 'n man) om 'n volwaardige lid van God se verbondsgemeenskap te kon wees. En omdat Jesus die Messias van Israel was, was dit vanselfsprekend dat die Judaïseerders daarop aangedring het dat geen heiden Sy verlossing kon ontvang voordat hulle nie eers Jode geword het nie.

Lees Romeine 3:30, I Korinthiërs 7:18, Galásiërs 3:28, 5:6. Hoe het Paulus die besnydenis verstaan?

Deur te sê dat geen heiden gered kon word voordat hulle nie by Judaïsme aangesluit het nie, het hierdie manne twee afsonderlike konsepte vermeng: verbond en verlossing. As lid van God se verbondsgemeenskap was jou verlossing nie gewaarborg nie (Jeremia 4:4, 9:25). Boonop was Abraham self deur geloof gered (geregverdig) voor sy besnydenis plaasgevind het, en nie omdat hy besny was nie (Romeine 4:9–13). Verlossing was nog altyd deur geloof, terwyl die verbond genadiglik voorsien was sodat God Homself en Sy verlossingsplan aan die hele wêreld kon bekendstel. Israel was gekies om hierdie doel te verwesenlik (Génesis 12:1–3). Die probleem was egter dat deur verbond en verlossing te naby aanmekaar te verbind, hierdie gelowiges die besnydenis as verdienstelikheid gesien het. God se reddende genade werk egter nie saam met die mens se werke nie. Dus, deur die besnydenis op gelowige heidene af te dwing as 'n middel om verlossing te ondervind, was om die evangeliewaarheid te verdraai (Galásiërs 1:7, 2:3–5), God se genade tot niet te maak (Galásiërs 2:21), en Jesus van geen belang te maak nie (Galásiërs 5:2). Boonop was dit 'n onkenning van die universele karakter van verlossing (Kolossense. 3:11, Titus 2:11). Paulus kon nooit met hierdie tipe denkwyse saamstem nie.

Wat is die gevaar om te dink dat verlossing plaasvind deur net 'n lid van die regte kerk te wees?

Die debat

Lees Handeling 15:7–11. Wat was Petrus se bydrae tot die debat in Jerusalem?

Lukas meld nie die hele verloop van die vergadering nie. Dit sal interessant wees om, byvoorbeeld, te weet watter ondersteunende argument deur die Judaïseerders geopper was (Handeling 15:5), so wel as Paulus en Bárnabas se antwoorde daarop (Handeling 15: 12). Die feit dat net Petrus en Jakobus se toesprake beskikbaar is om te lees, toon hoe belangrik hierdie manne onder die apostels was. In sy toespraak het Petrus die apostels en die ouderlinge aangespreek, en hulle aan sy ondervinding met Cornelius ‘n aantal jare gelede, herinner. Dit was eintlik dieselfde argument wat hy in Jerusalem aan die broeders voorgelê het (Acts 11:4–17). God het self ook Sy goedkeuring aan Cornelius se bekering gegee (al was hy ‘n onbesnede heiden) deur op hom en sy huishouding dieselfde gawe van die Gees wat Hy vir die apostels tydens Pinkster gegee het, uit te stort. In Sy Goddelike voorsiening het God niemand anders as Petrus gebruik om die Judese gelowiges te oortuig dat Hy geen verskil tussen Jode en heidene maak wanneer dit by verlossing kom nie. Selfs al het hulle aan die reinigingsvoordele van die reëls en regulasies van die Ou Verbond kortgekom, was die gelowige heidene nie meer as onrein beskou nie, want God self het hulle harte skoongemaak. Petrus se finale verklaring het baie dieselfde as wat ons van Paulus kon verwag, geklink: “ ‘Maar ons glo dat ons deur die genade van die Here Jesus Christus gered word op dieselfde manier as hulle ook’ ” (Handeling 15:11).

Lees Handeling 15:13–21. Watter oplossing het Jakobus vir die problemsituasie wat met die heidene se bekering ontstaan het, voorgestel?

Jakobus se toespraak dui aan dat hy ‘n gesaghebbende posisie beklee het (vergelyk met Handeling 12:17; 21:18; Galásiërs 2:9, 12). Afgesien van wat hy dalk verstaan het oor die herbou van Dawid se “hut” waarna Amos se profesie as die herstel van Dawid se dinastie, verwys het (Amos 9:11, 12), was Jakobus se hoofdoel om te demonstreer dat God alreeds voorsien het dat heidene mag aangesluit het, om, in ‘n sekere sin, ‘n nuwe saamgestelde “volk van God” te word, om sodoende by Israel ingelyf te word. Om hierdie rede het hy besluit dat geen verdere beperkinge op die heidense bekeerlinge afgedwing moes word nie, behalwe dit wat gewoonlik van vreemdelinge vereis was wat in die land van Israel wou woon.

Die apostoliese verordeninge

Lees Handeling 15:28, 29. Watter vier verbodsverordeninge het die raad besluit om die heidense bekeerlinge op te lê?

Die hoofvraagstuk hoekom die raad saamgeroep was, was bevredigend opgelos. Omdat verlossing deur genade plaasvind, was die gelowige heidene van die besnydenis vrygestel as hulle by die kerk wou aansluit. Maar, hulle moes van vier vorige gebruike afsien: (1) die eet van afgodsoffers wat by 'n tempelfees bedien was of by die mark verkoop was; (2) die eet van bloed; (3) die eet van vleis van verwurde diere, d.i., vleis waarvan die bloed nie gedreiner was nie; en (4) van hoerery in verskeie vorme. Deesdae sien die meeste Christene die verbod op die eet van sekere vleis (verbodsverordeninge 1–3) as tydelike bepalinge. Omdat daardie dinge veral walglik vir die Jode was, was die verbodsverordeninge — redeneer hulle — net bedoel om die gaping tussen Joodse en heidense gelowiges te oorbrug. Daar word dikwels daarop aanspraak gemaak dat al die ander Ou Testamentiese wette wat ook die Levitiese voedselwette (Levitikus 11) en die Sabbatgebod insluit (Exodus 20:8–11) wat nie hierbo genoem word nie, nie langer bindend vir Christene is nie.

Die sogenaamde apostoliese verordeninge was egter nie tydelik afgeskaf nie, of as 'n nuwe gedraglynbepaling vir Christen-etiek wat alles met die Ou Testament te doen gehad het, aanvaar nie. Feit is dat onder leiding van die Heilige Gees (Handeling 15:28), die apostels en ouderlinge van die kerk weer die regulasies van Levitikus 17–18 vir vreemdelinge wat by antieke Israel wou aansluit, bevestig het. In konteks beteken hierdie verbodsbepalinge die afswering van die heidendom. Enige vreemdeling wat graag in Israel wou woon, moes van daardie heidense praktyke waaraan hy of sy gewoon was, afstand gedoen het (Levitikus 18:30). Desgelyks moes enige heiden wat by die kerk wou aansluit, 'n ferm standpunt teen die heidendom ingeneem het.

Dit was egter net die eerste stap. Nadat so 'n persoon deel van die kerkgemeenskap geword het, was daar van hom of haar vanselfsprekend verwag om God se wil te doen deur daardie wette wat universeel was voor Moses se tyd, en wat nie intrinsiek seremonieel was nie, soos die Sabbat (Génesis 2:1–3) en die onderskeid tussen rein en onrein voedsel, na te kom (Génesis 7:2). Dat die bepaling nie tydelik was nie, is duidelik, soos daar byvoorbeeld in Openbaring 2:14 en 20 die eerste en laaste verbodsverordeninge in altwee versies genoem word, terwyl die ander twee, die verbod op die eet van bloed en verwurde diere se vleis,

Wanneer dispute voorkom, hoe kan ons leer om saam te kom en na mekaar te luister, en met respek en in nederigheid deur die vraagstukke te werk?

Die brief vanaf Jerusalem

Lees Handeling 15:22–29. Watter addisionele maatreëls het die kerk in Jerusalem getref met betrekking tot die besluite wat deur die raad geneem was?

Die eerste maatreël was om ‘n brief aan die heidense gelowiges te skryf om hulle van die besluite wat geneem was, in kennis te stel. Die brief wat deur die apostels en ouderlinge geskryf was, was ‘n amptelike dokument wat die gesag van die Jerusalemkerk – definitief weens die apostels se leierskap — oor die ander Christengemeenskappe weerspieël het. Dit was in 49 n.C. geskryf wat heelwaarskynlik die datum van die raadsvergadering aandui, en wat een van die vroegste Christelike dokumente is wat tot ons beskikking is. Die Jerusalemkerk het ook besluit om twee manne, Judas met die bynaam Báršabas, en Silas, af te vaardig om Paulus en Báršabas te vergesel; hulle opdrag was om die brief te dra en die inhoud te bevestig.

Lees Handeling 15:30–33. Hoe het die kerk in Antiochië op die brief gereageer?

Toe die brief gelees was, was die kerk met blydschap oor die bemoedigende boodskap vervul: die heidense bekeerlinge was nie vereis om besny te word nie. Hulle het ook geen teenstand teen die bepalinge in die brief (die viervoudige apostoliese verordeninge), gebied nie. Die eerste ernstige verdeling in die vroeë kerk was daardeur, ten minste teoreties, afgeweer.

Teen die einde van die raadsvergadering was Paulus se evangeliesiening ten volle deur die kerkleiers in Jerusalem aanvaar, en het hulle aan hom en Báršabas die regterhand van gemeenskap as ‘n teken van aanvaarding en vertrouwe, gegee (Galásiërs 2:9). Maar, daardie Joodse Christene wat aangehou het met die onderhouding van die Joodse wette, sou dit nog hoogs problematies vind om samesyn saam met die heidense gelowiges te geniet, wat, vir alle praktiese doeleindes, ritueel onrein gebly het. Hierdie kwessie word, byvoorbeeld, in die insident in Galásiërs 2:11–14 waarby Petrus betrokke was, gesien. “Selfs die dissipels,” sê Ellen G. White, “was nie almal gereed om die besluit van die raad gewilliglik te aanvaar nie.” — *Die Handeling van die Apostels*, bl. 157.

Wees eerlik met jouself: hoe moeilik is dit vir jou om gemeenskap met gelowiges van ander rasse, kulture en selfs sosiale klasse te geniet? Hoe kan jy van hierdie anti-evangeliese gesindheid gereinig word?

Vir verdere studie:

“Die Joodse bekeerlinge was oor die algemeen nie gewillig om so vinnig te beweeg as wat die voorsienigheid van God die weg geopen het nie. Die resultate van die apostels se werk onder die heidene het duidelik aangetoon dat die bekeerlinge onder laasgenoemde die aantal Joodse bekeerlinge ver sou oortref. Die Jode het gevrees dat indien die beperkinge en seremonies van die wet nie vir die heidene verpligtend gemaak sou word as voorwaarde van godsdiensige gemeenskap nie, die volkseienskappe van die Jode, wat hulle tot nog toe van alle ander volke onderskei het, uiteindelik onder diegene wat die evangelieboodskap ontvang het, sou verdwyn.” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 151.

“Die Joodse Christene wat binne sig van die tempel gewoon het, het vanselfsprekend teruggedink aan die besondere voorregte van die Joodse volk. Toe hulle sien dat die Christelike kerk afwyk van die seremonies en oorleweringe van die Jodedom en besef dat die besondere heiligheid waarmee die Joodse gebruike bedeel was in die lig van die nuwe geloof sou verbleek, was talle van hulle toornig teenoor Paulus omdat hy, in ‘n groot mate, die verandering veroorsaak het. Selfs die dissipels was nie almal gereed om die besluit van die raad gewilliglik te aanvaar nie. Sommige was ywerig vir die seremoniële wette en hulle het Paulus met misnoeë bejeën omdat hulle gedink het hy was onverskillig met betrekking tot die verpligtinge van die Joodse wet.” — bl. 157.

Vrae vir bespreking:

1. Kyk weer na Maandag se laaste vraag in die klas. Hoe verstaan ons die feit dat, deur aan die “regte” kerk te behoort, dit nie ‘n waarborg is dat jy gered is nie? Byvoorbeeld, antieke Israel was sekerlik die “regte kerk”, maar dit beteken nie dat almal van hulle gered was nie. As lidmaatskap in die regte kerk nie redding waarborg nie, wat is dan die voordeel om deel daarvan te wees?
2. Een van die mees belangrike administratiewe strydvrage wat die vroeë kerk in die gesig gekyk het, was hoe om heidense gelowiges wat nie besny wass nie, te aanvaar. Watter soortgelyke kwessies kan dalk in ons kerk vandag ter sprake wees, en wat leer die voorbeeld in Handeling 15 ons oor hoe ons dit moet hanteer?
3. Vra sommige mense in die klas om die Jode se saak te stel wat daarop aangedring het dat die heidene eers Joodse proseliete moet word voordat hulle by die kerk kon aansluit omdat hulle dit as ‘n verlenging van die verbondsbeloftes wat aan Israel gemaak was, gesien het (en tereg so). Wat is hulle argument en hoe kan jy daarop reageer? Hoe kan ‘n debat soos hierdie aan ons toon hoekom kwessies wat huidiglik so klinkklaar voorkom, later moeiliker is om op te los?